

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

DIE SHABBAT

LES 7: DIE SHABBAT EN DIE HERNIEUDE (NUWE) VERBOND

Inleiding

1. Aanvanklik het die ekklesia (vergadering, die kerk, uitgeroepes, gemeente) van Handeling hoofsaaklik uit Jode bestaan. Die vraag is dus of hulle steeds die Shabbatsgebod gedenk en afgesonder (geheilig) het en of hulle die Shabbat met Sondagaanbidding vervang het? Ons kan die vraag ook anders stel, naamlik: Is daar onomwonde Skriftuurlike bewys dat die vierde gebod van die Shabbat opgehef is en nie meer deel van die nuwe (hernieude) verbond is nie? Is daar duidelike opdrag deur Yeshua Messias of deur die apostels gegee dat die eerste dag van die week, naamlik Sondag, as afgesonderde (heilige) rusdag gevier moet word?
2. Die uitsprake en handeling van Yeshua Messias, asook dié van die apostels na Yeshua se hemelvaart, moet vir ons die antwoorde gee. YHWH se woord is die hoogste gesag en hierdie gesag is in Yeshua gestel (Matt. 28:18) wat ons ook opdrag gegee het dat ons alles wat Hy beveel het moet onderhou (Matt. 28:19).
3. Die feit is egter dat van Genesis tot Openbaring is daar nie een Skrifverwysing wat direk verklaar dat die Shabbat opgehef is en deur Sondag as afgesonderde rusdag vervang is nie. Die skrywers van die vier evangelies en Handeling maak glad nie hiervan melding nie. Paulus noem nêrens in sy briewe dat die Shabbat opgehef is nie. Die aanspraak dat die onderhouding van die Shabbat opgehef is en deur Sondag vervang is, is 'n afleiding wat uit sekere Skrifverwysing in die nuwe testament gemaak word. Selfs die teenstanders van die Shabbat herken hierdie feit.
4. Indien die Shabbatsgebod opgehef en deur Sondagaanbidding vervang is, kan ons wel vra hoekom is dit dan verskuil in die nuwe testament? Hoekom is daar geen teksverse wat dit duidelik verklaar nie? YHWH is tog baie duidelik oor die inhoud van Sy wet soos wat deur die tien gebooe bewys word!!! Waarom sal YHWH dan die vierde gebod verander en nie self Sy kinders daarvan inlig nie?

5. Geen Skriftuurlike bewys kan gelewer word dat Yeshua of die dissipels die onderhouding van die Shabbat tot niet verklaar het nie, of die mense onderrig het dat die eerste dag van die week die Shabbat vervang het nie. Daar is ook **geen profesie** van die ou verbond wat verwys na die opheffing van die Shabbat nie!! Daar is egter wel profesieë wat bevestig dat die Shabbat ewigdurend is (Jes. 66:23). Die feit is: Yeshua en die dissipels, asook die gemeente van Handelingte en Paulus het steeds die Shabbat as 'n instelling van YHVH gedenk.
6. In vorige lesse het ons reeds bewys gelewer dat Yeshua gereeld op die Shabbat na die sinagoge gegaan het (Luk. 4:16; Luk. 6:6; Luk.13:10). So ook het die vroue wat saam met Yeshua van Galilea gekom het, na die kruisiging speserye gekoop om Yeshua se liggaam te balsem, maar toe eers op die Shabbat gerus volgens die gebod (Luk. 23:56). Lukas het hierdie gebeurtenis etlike dekades later eers op skrif gestel en gee geen aanduiding dat die Shabbatsgebod opgehef of verander is nie. Laastens het ons ook gesien dat Paulus gereeld in die sinagoge op die Shabbat die mense toegesprek het (Hand. 13:14 en 44; Hand. 16:13; Hand. 17:2 en Hand. 18:4 en 11).
7. Dit is 'n geskiedkundige feit dat die gemeente van Handelingte die Shabbat en feestye van YHVH gedenk het en dat die wegdoening van die Shabbat en die vervanging daarvan met Sondagaanbidding, asook die wegdoening van YHVH se feestye en die vervanging daarvan met mensgemaakte feeste, geleidelik oor tyd plaasgevind het. Hierdie geskiedenis sal in die volgende les bespreek word.
8. Die doel van hierdie les is om enkele Skrifverwysing wat gebruik word as sogenaamde bewys van die opheffing van die Shabbatsgebod, te bespreek.

DIE SHABBAT VERSUS DIE EERSTE DAG VAN DIE WEEK

1. Soos reeds genoem, was die gemeente van Handelingte aanvanklik Jode wat beskou was as 'n sekte en wat genoem was *die Nasaréners* en *die Weg* (Hand. 24:5 en 14). Hulle was almal deeglik in Torah (die wet) onderrig gewees. Die enigste verskil van wat hulle voorheen geglo het, was die feit dat die belofte van die Messias nou vervul was. Die Een van wie Moses geskryf het (Joh. 1:45; Joh. 5:46; Luk. 24:44), het gekom. Hulle geloof was gebaseer op die Torah en hulle het dit wat hulle in die Skrifte van kleintyd af geleer het nie vewerp nie, want dit het getuig van die saligheid deur geloof in Yeshua die Messias (2 Tim. 3:14 en 15).
2. Die Shabbat en die feestye van YHVH was dus nie 'n kwessie onder hulle nie, want hulle het geweet dat Yeshua nie gekom het om die wet (die Torah) tot ontbind nie, maar om dit te vervul (te bevestig, te bekragtig)(Matt. 5:17). Soos die evangelie egter wyer verkondig was, en soos meer onbesnedenes (nie-Jode) gelowiges geword het, asook weens politieke invloede het die kwessie van die Shabbat en feesdae ter sprake gekom soos duidelik uit die geskiedenis bewys word.

3. Die woord *Sondag* kom nêrens in die Bybel voor nie. Die woorde *die eerste dag van die week* word wel agt keer in die nuwe testament (Afrikaanse Ou Vertaling -1933) gebruik, naamlik in Matt. 28:1, Mark. 16:2 en 9, Luk. 24:1, Joh. 20:1 en 19, Hand. 20:7 en 1 Kor. 16:2. Indien die Sondag die Shabbat vervang het, dan behoort die bewys daarvan in een of meer van hierdie teksverse gevind te word. Nie een van hierdie Skrifte verklaar egter onomwonde dat die Shabbat opgehef is nie.
4. Die eerste vyf verwysings, naamlik Matt. 28:1, Mark. 16:2 en 9, Luk. 24:1, Joh. 20:1, het almal met die opstanding van Yeshua te doen en het dus geen verband met die weeklikse dag wat gedenk en geheilig moet word nie. Dit laat ons met slegs drie Skrifverwysings, naamlik Joh. 20:19, Handeling 20:7 en 1 Kor. 16:2 wat wel daarna verwys dat die volgelinge van Yeshua by minstens drie geleenthede op die eerste dag van die week bymekaar was. Is hierdie voldoende bewys dat die Shabbatsgebod afgeskaf was en deur Sondagaanbidding vervang is of is dit 'n afleiding en 'n aanname wat op gissing gegrond is? Kom ons ondersoek hierdie drie Skrifverwysings.
5. **Johannes 20:19**

En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Yeshua gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!

Hier word die gebeure direk na die kruisiging van Yeshua beskryf. Die rede hoekom hulle bymekaar was, word nie gegee nie. Enige rede vir hulle bymekaar kom is dus blote gissings.

Ons moet wel ingedagte hou dat die vroue wat die speserye en salf gekoop het, eers op die Shabbat gerus het alvorens hulle na Yeshua se graf gegaan het (Luk. 23:56). Indien hierdie vroue steeds die Shabbat volgens die gebod gedenk en geheilig het, kan ons tog sekerlik aanvaar dat die dissipels dieselfde gedoen het!!

Volgens die gebeure rondom die opstanding van Yeshua, soos dit in die vier evangelies beskryf word, is dit duidelik dat die dissipels nog nie tot die volle openbaring van die betekenis van Yeshua se dood en opstanding gekom het nie. So lees ons byvoorbeeld in Mark. 16:10, 11 en 14 die volgende aangaande Yeshua se opstanding:

*Sy (Maria Magdaléna) het gegaan en dit vertel aan die wat saam met Hom gewees het, terwyl hulle treur en ween. En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, **het hulle dit nie geglo nie.***

*Later het Hy aan die elf self verskyn toe hulle aan tafel was, en Hy het hulle **hul ongeloof en hardheid van hart verwyf, omdat hulle die wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.***

Ons lees ook hoe Lukas die verskyning van Yeshua aan die dissipels beskryf:

*En toe hulle van blydschap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet? Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek. En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet. En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gespreek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word. **Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan.** Luk. 24:41 tot 45.*

Let daarop dat die dissipels se verstand om die Skrifte ten opsigte van die betekenis van die dood en opstanding van Yeshua as Messias te verstaan eers geopen is na Yeshua se verskyning aan hulle. Die dissipels het tot en met daardie tydstip dit nog nie verstaan nie. Hierdie word bevestig in die evangelie volgens Johannes waar dit beskryf word hoe Petrus en die ander dissipel vir wie Yeshua liefgehad het, ook na die graf gehardloop het en dit leeg gevind het. Hulle het toe weer huistoe gegaan (na die plek waar die dissipels bymekaar was), *Want hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan nie* (Joh. 20:9 en 10).

In die lig van bogenoemde is daar genoegsame bewys dat die dissipels op die eertse dag van die week na Yeshua se dood en opstanding nie bymekaar gekom het om die dag (Sondag) as die *dag van die Here* te gedenk nie. Nee, hulle was bymekaar omrede hulle getreur en geween het (Mark. 16:10) en onsekerheid gehad het oor wat gebeur het! Dit is dus 'n growwe afleiding en misleiding dat hierdie as bewys dien van die eerste Sondagaanbidding.

6. **Hand. 20:7**

En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegesprek, omdat hy die volgende dag sou vertrek en hy het sy rede gerek tot middernag toe.

Paulus, en die wat hom vergesel het, het na die fees van die ongesuurde brode vanaf Filippi na Troas gereis waar hulle sewe dae gebly het (Hand. 20:6). In vers 7 word die gebeure op die laaste dag beskryf voor Paulus se vertrek om aan te sluit by sy reisgenote wat vooruit met 'n boot tot by Assus gevaar het (Hand. 20:13 en 14). Die dissipels het na die Shabbat, toe die eerste dag van die week begin het, vergader om brood te breek en om na Paulus te kom luister voor hy sou vertrek. Onthou die Joodse dag begin en eindig teen sonder. Met Hand. 20:7 word egter probeer om bewys te lewer dat die dissipels weekliks op 'n Sondag bymekaar gekom het om saam te aanbid en nagmaal te gebruik (brood te breek). Is dit egter wat hierdie teksvers sê? Eerstens word daar slegs melding gemaak dat hulle bymekaar gekom het om brood te breek en na Paulus te luister en nie dat hulle **soos die gebruik was** of **soos hulle gewoon was** op die eerste dag van die week bymekaar gekom het nie. Nee, hier word niks gesê oor dit wat hulle gereeld weekliks op die eerste dag van die week doen nie, maar ons word slegs ingelig dat dit was die eerste dag van die week toe hulle bymekaar gekom het.

Die vraag is ook wat beteken dit om *brood te breek*? Verwys dit na 'n maaltyd wat geëet word of soos beweer word na die nagmaal (verbondsmaaltyd) wat gedenk word. Onthou: Die breek van brood was 'n antieke wyse om na 'n maaltyd te verwys en word selfs vandag nog in sommige kulture gebruik. Laat die Skrifte dit egter vir ons bevestig.

- ❖ Let op die woorde in Hand 20:11 – *En hy (Paulus) het boontoe gegaan en brood gebreek en geëet*. Let wel dat Paulus brood gebreek en geëet het. Daar word nie gesê dat **hulle** het brood gebreek en geëet nie. Daar word nie op hierdie tydstip na 'n gesamentlike aksie wat plaasgevind het, verwys nie. Hierdie was dus niks anders as 'n maaltyd wat Paulus geëet het.
- ❖ In Luk. 22:16 het Yeshua tydens die paasmaaltyd aan Sy dissipels gesê: *Want Ek sê vir julle: Ek sal sekerlik nie meer daarvan eet voordat dit in die koninkryk van God vervul is nie*. Hierdie geleentheid is vandag bekend as die nagmaal (verbondsmaaltyd) en Yeshua het gesê dat Hy nie weer daarvan sal eet voordat dit in die koninkryk van YHWH vervul is nie. Yeshua het egter na Sy opstanding saam met die Emmaüsgangers ook brood gebreek en geëet (Luk. 24:30 en 35). Hierdie was dus 'n gewone maaltyd, want Yeshua het gesê dat Hy eers met Sy wederkoms weer die pasga (nagmaal, verbondsmaaltyd) saam met Sy dissipels sal eet.
- ❖ In Hand 2:46 lees ons: *En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydschap en eenvoudigheid van hart geniet*. Let wel dat hulle eendragtig in die tempel bymekaar was, maar het by verskillende huise gaan eet (brood gebreek). Hoekom sal hulle daagliks in die tempel bymekaar kom, maar dan nagmaal by die huise gaan gedenk? Weereens verwys *brood gebreek* na maaltye wat hulle daagliks saam geëet het en nie na die verbondsmaaltyd nie.
- ❖ Toe Paulus tydens sy reis na Rome skipbreuk gely het, het hy almal aan boord aangemoedig om *voedsel te gebruik* (Hand. 27:33). *Toe hy dit gesê het, neem hy brood, dank God in die teenwoordigheid van almal, breek dit en begin eet* (Hand. 27:35). Weereens verwys die breek van brood na 'n maaltyd.

Dit is derhalwe duidelik dat die uitdrukking *die breek van brood* of *om brood te breek* na 'n maaltyd verwys en nie na die verbondsmaaltyd (nagmaal) nie. Volgens Hand. 20:7 was die dissipels dus op die eerste dag van die week bymekaar om na Paulus te luister en was daar ook saam geëet. Hierdie is nie bewys van Sondagaanbidding of van die verbondsmaaltyd wat gedenk was nie.

7. **1 Kor. 16:1 en 2**

Wat die insameling vir die heiliges betref, moet julle ook so doen soos ek vir die gemeentes van Galásië gereël het. Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle self opsy sit en opspaar namate sy voorspoed is, sodat die insamelinge nie eers plaasvind as ek kom nie.

Paulus rig hier 'n versoek aangaande die insameling vir die behoeftiges in die gemeentes. Dieselfde versoek soos hy aan die gemeente van Galasië gerig het. Hy versoek elkeen om weekliks opsy te sit en op te spaar namate sy voorspoed is. Hy beveel aan dat almal op die eerste dag van die week dit doen. Die kern van hierdie teksverse gaan oor hulpverlening aan die hulpbehoewendes (2 Kor. 9:12). Hoekom die eerste dag van die week? Is dit omrede die gemeente op 'n Sondag vergader of is dit omrede die week verby is en elkeen sy voorspoed (inkomste) vir die afgelope week kan bereken en daarvolgens by die begin van die nuwe week dit opsy sit?

Opsommend.

1. In die lig van bogemoemde Skrifverwysings waar die eerste dag van die week ter sprake is, is dit duidelik dat nie een onomwonde verklaar dat die volgelinge van Yeshua op weeklikse basis op die eerste dag van die week vergader het of dat die Shabbatsgebod opgehef is nie. Die voorstanders van Sondagaanbidding maak dus ongegronde afleidings om hulle self te regverdig. Soos reeds genoem sal daar in die volgende les geskiedkundige bewys gelewer word dat die kerk die Shabbatsgebod opgehef het en Sondag as die "dag van die Here" ingestel het.

*Met hierdie woorde het YHVH julle hele vergadering op die berg, uit die vuur, die wolk en die wolke donkerheid met 'n groot stem toegespreek, **en niks meer nie**; en Hy het dit op twee kliptafels geskrywe en dit aan my gegee. Deut. 5:22*

2. Die tien woorde (gebooi) van YHVH is volledig en volmaak, want dit is deel van Vader-God se Karakter en Outoriteit. YHVH het dit gesprek en **niks meer** daar bygevoeg of dit verander nie. Die vierde gebod, die Shabbatsgebod, is deel daarvan en vorm 'n eenheid met die ander nege. Hierdie eenheid is so in mekaar verweef dat om een gebod te oortree is gelykstaande aan oortreding van al tien (Jak.2:10). **Die Shabbatsgebod is net so deel van die nuwe (hernieu) verbond as wat die ander nege gebooi deel daarvan is!!**
3. Word ons geregverdig deur die wet te onderhou? Nee, maar begeerte en ywer tot gehoorsaamheid aan YHVH se wet is bewys dat Sy wet op die tafels van ons hart geskryf is. Gehoorsaamheid is die lewenswandel van die geregverdigde in Yeshua Messias.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Vir die teenstanders van die Shabbatsgebod is die volgende 'n geldige vraag: Is die voorskrifte vir hoe die Shabbat gedenk en geheilig moet word dan nou ook op die Sondagaanbidding van toepassing of het dit ook verval?
2. Yeshua Messias het verklaar dat Hy *Meester (Here)* ook van die Shabbat is (Mark. 2:28). Die wat weier om die Shabbatsgebod te onderhou,

ontken dus dat Yeshua die Meester van die Shabbat is. Hulle ontken ook dat YHVH die Shabbat vir die mens gemaak het (Mark. 2:27).

3. Yeshua is Meester (Here) van die shabbat en deur die shabbat te gedenk en af te sonder vereer ons Yeshua ons Meester (Here). Watter meester (here, *lord*) word deur Sondagaanbidding vereer?
4. Lees Heb. 10:26 tot 29. Is weiering om die Shabbatsgebod te eerbiedig opsetlike sonde? Bepeins of bespreek dit in die lig van 1 Joh. 3:4 wat sonde as wetteloosheid definiëer.

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.